# Musiek Vir Die Jeug

deur *JOHANNES JOUBERT*

DIE vorige keer het ons gesels oor twee primitiewe vorme van musikale uiting, nl. sang en dans, d.w.s., musiek as 'n middel vir die emosionele uiting van gedagte en musiek, as grondslag vir die emosionele uiting deur ritmiese liggaamlike beweging.

Die eerste vereiste van die musiek is 'n reeks note wat in 'n vaste verhouding tot mekaar moet staan wat betref toonhoogte, want sonder so 'n vasgestelde verhouding van die note tot mekaar, kan ons verstandelik daar niks mee uitvoer nie.

Vir ons, wat nou van kleinsaf met ons toonladders groot geword het, is dit snaaks om te dink hoe dit moes gewees het toe nog geen toonladder vasgestel was nie. Tog is dit seker dat die mense lank sonder 'n toonladder klaargekom het, totdat daar eindelik 'n tyd aangebreek het dat hulle 'n paar note in 'n kort reeks en met 'n vaste onderlinge verband aan mekaar verbind het. Die ontwikkeling van ons teenswoordige toonladder egter, was 'n baie, baie stadige proses, en het eeue geduur. Waarskynlik het die vorming van die allereerste toonreeks pas plaasgevind nadat die mensdom die eerste primitiewe musiekinstrumente uitgevind het.

Nou moet julle nie dink nie dat die mense eers toonladders gemaak het en daarná musiek nie — nee, die toonladders het ontstaan in die poging om musiek te maak, en van geslag tot geslag is dit gedurig verander totdat uiteindelik die toonladders van vandag te voorskyn gekom het waarop ons nou alle musiek bou.

Julle sal darem seker verbaasd wees om te hoor dat die gewone harmoniese toonladder wat vandag gebruik word, pas in die agttiende eeu sy finale vaste vorm gekry het ná 'n gestadige groei van byna duisend jaar!

Ons sê dat ons gewone toonladder harmonies is, terwyl die toonladders van primitiewe en barbaarse rasse melodies is. Dit wil sê dat primitiewe musiek net op een enkele deel gebou word.

Die allereerste toonladder waarvan ons weet, was 'n notereeksie van drie note wat deur die ou Grieke gebruik is. Dit beteken dat hulle net van hierdie drie note 'n helder begrip van hul onderlinge verhouding gehad het. Later het hulle daar nog 'n klank bygevoeg en weer later nog vier. Maar hierdie klankestelsel was heeltemal melodies en moes gedurig na gelang van die behoeftes van hul eie toenemende kennis verander word.

Hulle was feitlik maar gedurig besig om proewe te doen, wat heel natuurlik skyn vir so 'n slim volk soos hulle was! Die einduitslag was dan ook 'n klankereeks wat twee oktawe beslaan het. Tog skyn dit nie of hulle dieselfde begrip van die toonladder gehad het as wat ons vandag het.

Wat wel duidelik is, is dat die eerste Christene vir hul eenvoudige godsdienstige seremonies alles van die Grieke oorgeneem het wat hulle aan musiekkennis besit het. Dis egter baie jammer dat niks daarvan in skrif gestel is nie, want sodoende het baie belangrike inligting verlore gegaan.

Later het Ambrosius, biskop van Milaan, en pous Gregorius moeite gedoen om na hul beste wete sekere reëls vas te lê wat die musiek van hul dae sou dek. Die resultaat was veertien verskillende notereekse waarvan twee egter nooit gebruik is nie. In alle geval was dit sekerlik 'n stap in die goeie rigting want nie lank daarná nie is pogings aangewend met harmonie. Eers het hulle die wysie eenvoudig verdubbel op 'n ander



*Johannes Joubert*

toonhoogte, bv. vier of vyf tone hoër of laer. Ook het hulle probeer om twee verskillende wysies mooi saam te laat gaan. Die teenswoordige opvatting van harmonie sou egter eeue later pas ontwikkel.

Tog het die destydse toonkunstenaars geleidelik die kuns beter leer verstaan om verskillende melodieë mooi saam te laat klink en stadigaan het die akkoorde te voorskyn gekom en het die mense hul waarde begin verstaan in die musiekkuns. Daar het egter sekere gebreke in hul notestelsels aan die dag gekom wat toe natuurlik weer verander moes word, en sommige van die middeleeuse musici het hul sterk afkeuring uitgespreek oor dinge wat vir ons vandag vanselfsprekend is.

Nou het ons, weens die ingewikkeldheid van die saak, nie 'n baie noukeurige studie van die ontwikkeling van die toonladder gemaak nie. Die gedurige veranderinge sou ook maar 'n vervelende verhaal oplewer. Die saak het egter nogal 'n grappige kant omdat die musikale „slim" mense, ná eeue se moeisame arbeid, tog eindelik 'n toonladder aangeneem het wat al die tyd reeds bestaan het en wat hulle ook geken het, maar wat hulle altyd beskou het as 'n ding wat niks beteken nie!

Pas in die sewentiende eeu het die mense 'n duidelike voorstelling gekry van 'n artistieke rangskikking van die note van die toonladder.

Die naamnoot of grondtoon van 'n toonladder is eindelik vasgestel as die begin- en ruspunt van enige musikale werk. Die dominante of vyfde noot bo die grondtoon vorm die sentrum of middelpunt van die kontras met die grondtoon, deur die majeur-akkoord wat daarop gebou is.

Die ander note het langsamerhand vanself hul regte plekke ingeneem.

Dis in alle geval van belang om te weet dat met hierdie Europese harmoniese stelsel die hoogs moontlike trap van ontwikkeling op die gebied van musiek bereik kan word. Dit is enige melodiese stelsel eeue vooruit en dit het omtrent agt eeue geduur voordat dit sy teenswoordige volmaakte vorm bereik het. Dis so saamgestel dat ons 'n oneindige aantal kontraste daarmee kan skep, nie alleen 'n regstreekse uitdrukking nie, maar ook wat musikale plan of skema betref.

En hierdie laaste is tog maar die beste toets vir die waarde van 'n stelsel, nie waar nie?

As hierdie stelsel toonkunstenaars soos Bach, Beethoven, Brahms, Schubert, Schumann, Chopin, Wagner en baie bekende moderne musici in staat gestel het om die wondere van klankeskoonheid daar te stel wat hulle aan die wêreld geskenk het, dan moet dit darem iets werd wees, dink julle ook nie so nie?

Soos reeds gesê, is hierdie stelsel suiwer Europees van oorsprong. Die meeste ander musiek wat bestaan, is nog eenstemmig, en voordat die ander rasse kans gekry het om hul eie harmonie uit te werk, het hulle klaar onder Europese invloed gekom.

Miskien sal iemand sê dat hy tog al Afrikaanse inboorlinge in harmonie hoor sing het. Dis heel moontlik, maar ek is oortuig daarvan dat dit 'n gevolg is van aanraking met en 'n navolging van Europeane. Vir 'n musikale natuur klink dit in alle geval sommer dood en onbesield. Dis nie 'n natuurlike uitvloeisel van hul eie gees nie.

Tog sou ek wil beweer dat die Afrikaanse inboorling van nature net so musikaal is soos enige Europese nasie. Hulle besit altans net so 'n ryke voorraad volkswysies as enige ander volk ter wêreld, en dis meestal ritmies van aard, soos maar by alle primitiewe volke die geval is.

Of hierdie musiek van die Afrikaanse inboorling ooit 'n hoë peil van ontwikkeling sal bereik — wie sal dit sê?

Aan die ander kant kan dit ook gebeur dat mens in Europa melodiese sang hoor, en dit kan ewe goed ook baie mooi wees.

Egte volksmusiek val onder hierdie kategorie — dis 'n uitgroeisel aan die kant van ons melodiese ontwikkeling.

Vanaf die tyd dat ons mensdom in harmoniese terme begin dink het, het die kuns sy grondslag feitlik oor so 'n groot oppervlakte uitgesprei dat so te sê alle vorme van musikale kuns daaruit ontstaan het.

En hoewel dit 'n vreeslike lang tyd geduur het voordat 'n bevredigende resultaat verkry is, hoef ons vandag gelukkig nie so lank te studeer voordat ons ons die skoonheid en rykdom van die musiek kan toeëien nie!

Aanstaande week gesels ons 'n bietjie oor volksang, dit wil sê, in die volste sin van die woord, die musiek van die volk wat aan die eie bodem ontspring het. Sonder 'n oorsig van hierdie afdeling is geen musiekstudie volledig nie.

Musiek gee bevrediging aan 'n natuurlike behoefte, en volksmusiek is die bewys daarvan.

Aangesien dit op die oomblik nou net ons bedoeling is om 'n algemene oorsig te gee van die vernaamste faktore wat aan ons moderne musiek ten grondslag lê, sal ons later weer 'n bietjie uitvoeriger oor harmonie praat.

En hiermee, totsiens, tot aanstaande week!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012